Nuusbrief 226

JULIE 2020

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

Ons vertrou dat elkeen van julle veilig en gesond sal bly tydens die COVID-19 pandemie, en dat julle maatskappye weer spoedig ten volle operasioneel sal wees. Die houtverduursamingsbedryf is bevoorreg dat sommige vervaardigers reg van die begin van die staat van inperking kon oopbly, al was dit dan net vir die vervaardiging en verskaffing van essensiële produkte soos bv. pale vir landboudoeleindes. Soos die vlak van inperking verander is na vlak 4 kon meer behandelde houtprodukte, ingesluit boumateriaal geproduseer word, en soos daar na vlak 3 geskuif is, is die verkoop van alle behandelde houtprodukte toegelaat.

Dit beteken nie dat alles na normaal teruggekeer het nie, aangesien die impak van die pandemie die ekonomie verder gekniehalter het. Soos dit tans staan, kan daar egter gesê word dat dinge erger kon gewees het, en hopelik sal ons vorentoe verdere verbetering in die mark sien.

NUUTSTE STANDAARDE AAN LEDE VERSPREI

Op die 23ste April is die nuutste weergawes van alle produk standaarde aan klas 1 behandelingslede gesirkuleer. Dit beteken dat elke lid-aanleg ’n elektroniese kopie van SANS 10005:2020 & SANS 1288:2020 gekry het. Addisioneel daartoe, sou elke aanleg ook ’n kopie van SANS 457-2:2018, SANS 457-3:2019, SANS 753:2018 en SANS 754:2019 gekry het, maar slegs vir die spesifikasie waarvoor die aanleg gesertifiseer is.

Die elektroniese kopieë is per e-pos aan ’n spesifieke persoon gestuur. Die persoon is verantwoordelik daarvoor dat die relevante produksie- en kwaliteitspersoneel die spesifikasies kry, en dat dit nie buite die aanleg versprei word nie.

Die standaarde is onder ’n gebruikersooreenkoms aangeskaf vir verspreiding aan SAWPA-lede alleenlik. Slegs ’n beperkte aantal standaarde per lisensie is aangeskaf, bv. ’n 20 gebruikerlisensie vir een spesifikasie, en ’n 100 gebruikers vir ’n ander een, bepaal deur die aantal aanlegte gesertifiseer per spesifikasie. As gevolg hiervan kan ons nie kopieë van bv. SANS 457-2 of SANS 753 (dennepale) aan SANS 457-3 of SANS 754 (eucalyptuspale) aanlegte of vice versa verskaf nie, tensy die aanleg gesertifiseer is vir ’n spesifikasie.

Ons het tydens verspreiding ’n paar probleme ondervind met e-posse wat nie afgelewer is nie, (wat ons opgelos het). Ons vertrou dat elke aanleg nou die nuwe en toepaslike standaarde ontvang het. Indien nie kan u na die inkomende pos vir 23 April kyk (ingesluit gemorspos). As dit nog steeds nie ontvang is nie, kan u vir Bruce by bruce@sawpa.co.za kontak.

NRVS-HEFFINGSOPGAWES

Die einde van die eerste 6 maande opgawetydperk, i.e. periode 20A was op 30 Junie. Dit beteken dat alle verwerkingsaanlegte hulle opgawes sowel as betalings vir die periode teen die 31ste Julie moet indien en betaal. Indien u nie u heffingsopgawe van die NRCS ontvang het nie, kan u die aangehegte generiese vorm gebruik, maar onthou om u spesifieke HEF nommer aan te dui, soos deur die NRCS aan u uitgereik.

Terwyl ons op die onderwerp is, weet ons dat van ons lede ongelukkig is oor die tekort aan regulering, en dat sommiges wat direk geraak word deur onwettige aktiwiteite, ingesluit gewapende roof van KCA, dreig om die betaling van heffings te weerhou. Die NRVS het onderneem om inspeksies en besoeke aan onwettige praktyke teen die einde Maart te begin. Die implimentering van die staat van inperking het egter n stokkie daarvoor gesteek, aldus die NRVS, oor waarom hulle nog nie aksie geneem het nie.

Dit word algemeen aanvaar dat die weerhouding van heffings as ’n onwettige handeling geag sal word aangesien die betaling van heffings deur die NRVS-Wet en toepaslike regulasies bekragtig word. SAWPA is tans in die proses om ’n regsopinie in te win en sal hopelik binnekort verder terugvoer kan gee.

Intussen gaan onwettige handel voort en neem selfs toe. Die hoeveelheid gewapende rooftogte by aanlegte rondom Harding in KZN, om KCA te bekom, sedert julie 2019 is al veertien, waarvan nege tydens die staat van inperking gebeur het. Alle lede word herinner om paraat te wees en seker te maak dat u verduursamingschemikalieë veilig gestoor word.

BOSBOUSEKTOR MEESTERPLAN - OPDATERING

Die opstel van die Bosbousektor Meesterplan (FMP) waaroor daar by die streekvergaderings in Maart gerapporteer is, is goed op dreef. Dit het reeds verby die eerste drie fases gevorder en is tans in die finale fase alvorens die implementering moet begin.

Die meesterplan is ter ondersteuning van die “Re-imagined Industrial Strategy” (RIS) vir Suid-Afrika. Die RIS is in Junie 2019 deur die Regering goedgekeur, en het ingesluit die daarstel van sektor-gefokusde meesterplanne in die prioriteit sektore, waarvan bosbou een is. Bosbou is ook een van die sektore wat prioriteit gegee word as deel van die “Public Private Growth Initiative” (PPGI), ’n vennootskap tussen die Nasionale Regering en die privaatsektor, om beleggingsprojekte te stimuleer. Die DTIC is verantwoordelik vir die Meesterplanproses, en werk saam met ander departemente, soos in die geval van die bosbousektor, die Departement van Bosbou, Vissery en Omgewing (DFFE), wat die leidende departement is met oorsig oor die meesterplan en implimentering daarvan.

Soos die DTIC gestel het: “*The primary objective of the Masterplan process is to develop an agreed-upon set of actions, with time frames, that all stakeholders in a sector or value-chain commit to implementing for the benefit of the sector or value-chain.* ***The objectives of the Masterplan include encouraging sector growth, investment, job creation and competitiveness”***

Ter inligting vir lede is die volgende sewe fokusareas aangespreek in die bosboumeesterplan, en om toepassing te verseker is daar ’n doel- en suksesverklaring, sowel as uitkomste en hoëvlak aksies vir elke fokusarea opgestel.

- Fokus Area 1: Uitgebreide Bosbou Hulpbronne en Onderhoud / Beskerming
- Fokus Area 2: Transformasie
- Fokus Area 3: Prosessering / Verwerking
- Fokus Area 4: Houtdiefstal en Onwettige Aktiwiteite (ingesluit onwettige houtverduursaming)
- Fokus Area 5: Navorsing, Ontwikkeling, Innovering en Vaardigheidsontwikkeling
- Fokus Area 6: Sleutelinhibeerders
- Fokus Area 7: Institusionele Ontwikkeling

Lede wat belangstel om die konsep meesterplante besigtig kan vir SAWPA kontak.

WOOD IN MY VEINS – MEMOIRE DEUR DOUG SAYCE

Meeste van u in die bedryf is goed bekend met Doug Sayce wat redelik onlangs afgetree het na baie jare se betrokkenheid en bydrae tot die houtverduursamingsbedryf in Suid-Afrika. Doug het ’n kort boek of memoire geskryf wat reflekteer oor sy tyd in die bedryf. Die boek is getiteld “Wood in my veins” en as ’n afskeidsgebaar het Doug die boek beskikbaar gestel aan enigeen wat belangstel om dit te lees. Ons sal binnekort die boek op ons webtuiste plaas, maar intussen kan u ons kontak vir ’n elektroniese pdf kopie.

IRG51

Soos met meeste ander georganiseerde aktiwiteite is die 51ste jaarlikse konferensie van die "International Research Group on Wood Protection" wat in Slowenië sou plaasvind vanaf 7 tot 11 Junie gekanselleer. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die IRG-WP is daar besluit om wel voort te gaan met 'n virtuele konferensie of webinaar. Die verkorte, maar baie suksesvolle webinaar is gehou op 10 en 11 Junie. Indien iemand 'n lys van die artikels wat aangebied was, wil sien, kan u ons kontak by bruce@sawpa.co.za of admin@sawpa.co.za

NUUSBROKKIES

- **Treated Wood – A Sustainable Choice:** Sien meegaande brosjure wat die gebruik van verduursaamdehout bevorder as 'n volhoubare boumateriaal. Die brosjure is n aangepaste weergawe van een wat deur die Europese Instituut vir Houtverduursaming (WEI-IOE) en die Europese houtverduursamingsmiddel-vervaardigersgroep (EWPM) opgestel is.
- Lede word versoek om asb u inligting op ons webtuiste https://www.sawpa.co.za te verifieer en ons te laat weet indien enige verandering en/of byvoegings nodig is. Behandelaars merk dat daar streeklyste is waarop alle lede se inligting gegee word, en as u afbeweeg op die blad sal u meer inligting, insluitende kentekens, produkte, ens. sien. Hier word slegs inligting geplaas op versoek van lede. Lede wat nie hier gelys is nie, maar graag hul inligting wil lys, kan die inligting deurstuur na admin@sawpa.co.za sodat dit bygevoeg kan word.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.